



# ecsponuus

NUUSBRIEF | FEBRUARIE | 2016

## Neem ingeligte besluite

Die onsekerheid oor die ekonomie skrik baie mense af om verder in markte te belê en sommige sal so ver gaan as om uit hul werk te bedank net om hul pensioen los te kry.

Hoe groter die onrustigheid, hoe groter die soeke na stabiliteit. Beleggers wil akkurate vooruitskattings oor die veiligheid van hul kapitaal hê en hulle verwag deurlopende stabiele opbrengste.

Die grootste risiko vir enige belegger is om nie ingelig te wees nie en dan – op grond van gerugte – ondeurdagte en impulsiewe beleggingsbesluite te neem.

'n Klassieke voorbeeld is die paniek rondom die Wysigingswet op Belastingadministrasie wat pas deur President Zuma onderteken is en groot spanning en onsekerheid onder regeringsamptenare veroorsaak.

Talle het dadelik bedank om toegang tot hul aftreegeld te kry, nadat gerugte versprei is dat die wetsontwerp deurgestoomroller is en dat hul aftreegeld genasionaliseer gaan word.

In werklikheid is die wetsontwerp in die parlement bespreek, aanvaar en deur die Nasionale Raad op Provinsies goedgekeur nadat dit in die openbaar deeglik onder die loep geneem is.

In kort beteken dit dat amptenare nie meer hul volle pensioen as enkelsom tydens bedankings of aftrede kan trek nie. Vanaf 1 Maart sal slegs 'n derde in kontant getrek kan word en die ander twee derdes moet in 'n annuïteit van die persoon se keuse belê word.

Dit is 'n positiewe wetswysiging en die doel is om onverantwoordelike mense te help spaar en voorkom dat verkeerde besluite oor hul pensioen geneem word. Boonop is daar nuwe belastingaftrekbaarheid vir bydraes tot pensioenfondse op pad wat beteken mense gaan meer geld in die sak kry.


In tye van onsekerheid is dit belangrik om kalm te bly, aan te hou belê en nie blindelings uit die markte te onttrek nie.

Die Vereniging van Spaar en Beleggings van SA (ASISA) waarsku juis dat beleggers die geleentheid van welvaartskepping misloop weens markonttrekkings en 'n konserwatiewe beleggingsbenadering.

Verskans jou beleggings teen die onsekerheid en geniet sorgvrye beleggings in voorkeuraandeel waar 'n vaste koers geld sonder al die risiko's wat gewone aandele of effektetrusts inhou.

Om meer uit te vind oor die wysigings ten opsigte van die gewysigde belasting op aftreefondse, besoek <http://bit.ly/1KSilLO> vir 'n gebruikersgids, of kontak [info@ecsponent.com](mailto:info@ecsponent.com) en ons sal vir jou 'n kopie pos.

Groete,  
Dr. Anton Hay



Dr. Anton Hay - Bemerkings Direkteur

# Kan jy aftrede bekostig?

Die finansiële krisis raak almal maar vir afgetredenes of diegene wat naby aftrede is, wag strawwe uitdagings.

Hoewel almal geraak word deur hoër rentekoerse, inflasie en prysstygings, raak die situasie veral afgetredenes. In die afgelope jaar het hul bates reeds gekrimp as gevolg van beleggingsportefeuljies wat laer as inflasie, of selfs negatief, gegroei het. Om dit te kroon dui vooruitsigte daarop dat ons 'n finansiële krisis erger as in 2008/09 te wagte kan wees te midde van knellende droogte, ongeëwenaarde prysverhogings, verswakking van die rand, maatskaplike opstande en die afname in die vraag na kommoditeite.

Die meeste mense beleef ná aftrede 'n verlaging in lewensstandaard. Nie net is hul pensioen gemiddeld 30% minder as hul salaris nie maar boonop verloor hulle voordele soos behuising en motortoelaag, sowel as hul werkgewer se pensioenbydrae en salariaanpassings vir inflasie of bevordering. Die aftreevoordele van werkgewers hou selde tred met inflasie.

So, wat staan jou te doen om jou aftrede te beveilig? Hier is sewe elemente om by jou aftreebeplanning in te sluit.

Hoe kan jy verseker daar is genoeg "goud" in jou "goue jare"?

## 1. *Begin vroeg.*

Aftreebeplanning is 'n proses wat begin die dag wanneer jy jou eerste salaris ontvang. Jy is nooit te jonk om te begin spaar nie. Vir elke vyf jaar wat jy uitstel om te belê, moet jy drie keer meer insit as iemand wat vroeër begin het om by dieselfde bedrag uit te kom.

## 2. *Besef hoeveel jy benodig.*

As die gesin met R350 000 per jaar uitkom, moet daar voorsiening gemaak word vir R350 000 x 20 jaar (as mens 20 jaar na aftrede leef), dus ten minste R7 miljoen.

## 3. *Onthou om inflasie in ag te neem.*

As inflasie 6% per jaar is, sal die koopkrag van jou geld elke twaalf jaar halveer word. Voeg by onvoorsiene gebeure soos hospitalisasie en jy moet bykans R10 miljoen hê om gemaklik en

sonder geldelike kommer af te tree.

## 4. *Beplan vir langer aftrede.*

Danksy die mediese wetenskap leef mense langer, selfs dertig jaar of meer ná aftrede. Betaal jou skuld af voor jy aftree en leef binne jou vermoëns om jou rande te laat rek.

## 5. *Sê nee!*

Baie bejaardes verswak hul situasie deur aftree geld in goedertrou aan kinders te leen vir 'n deposito op hul huis of hul verband te verminder. Dit is dikwels skuld wat noodgedwonge 'n skenking word omdat die lening nie terugbetaal word nie.

## 6. *Vind 'n balans tussen kapitaalbeskerming en groei.*

In 'n geldelike krisis is mense bekommerd dat hul kapitaal gaan verminder en gee toekomstige winste dikwels prys deur kapitaal byvoorbeeld na die geldmark te verskuif waar opbrengste ná koste al te veel laer as inflasie is.

Oorweeg eerder 'n belegging in voorkeuraandele wat kapitaal beskerm en 'n vaste groeikoers lewer. Klas B voorkeuraandele van Ecsponent gee byvoorbeeld 'n vaste kapitaalgroeikoers van 11,2% per jaar sonder verhaling van enige koste. Vir inkomste-doeleindes gee Klas C tans 'n dividendekoers van 11,69% (prima + 4% minus belasting) per jaar wat

maandeliks uitbetaal.

## 7. *Tree af, maar moet nooit uittree nie.*

Dit beteken jy werk steeds ná aftrede om bykomende geld op die tafel te sit. Wees 'n entrepreneur en werk slim om iets te verdien. Of jy nou soos ons vindingryke kliënte tuisgemaakte konfyt en ingelegde vrugte verkoop, of tuinvullis verwyder, of 'n gastehuis uit jou huis bedryf – jy kan 'n groot verskil maak en boonop hou dit jou lekker besig.

Ongeag of jy nou, of later aftree, onthou dat paniekbevange beleggingsbesluite niemand van die verwagte negatiewe mark prestasie sal red nie. Al wat jy kan doen is om kop te hou en 'n deurdagte finansiële plan te volg. 